

Vrydag 24 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 13

Fokusgedeelte: Psalm 13:1-6

Hoe lank nog, Here?

Deur die Psalms word ons rou emosies ten toon gestel. Die Psalmdigter se worsteling is my en jou worsteling: Hoe lank nog, Here? Dit is nie 'n vraag uit ongelooft nie, maar uit moedeloosheid.

In sy worsteling sê hy dat hy elke dag opstaan en van vooraf besef daar is geen uitkoms nie. Hy voel asof die Here vir hom kwaad is. Hy het sy gesig van hom af weggedraai, in woede.

Wanneer ons na die eerste drie verse kyk en dit vergelyk met die laaste vers waar hy troos en vrede beleef, dan besef ons iets: Ons omstandighede maak seer, maar dit is nie al wat ons seermaak nie. Die boodskap van ons beproewing maak ons baie keer die seerste.

Asof sy omstandighede nie erg genoeg is nie, glo hy nou dat die Here hom vergeet het, hy is nie goed genoeg nie en niemand is daar om hom te help nie. Hy het net vyande en dié gaan hom nog oorheers.

Kink dit nie vir jou bekend nie? Ons kry ook in tye van beproewing dieselfde boodskappe, want jy voel magteloos.

Tydens sy gebed verander daar iets in die Psalmdigter se denke. Hy besef hy kan vashou aan die troue liefde van die Here. Ek en jy het oneindig meer sekerheid oor die troue liefde van die Here as Dawid. Die Vader stuur sy Seun en Hy stort al die toorn vir ons sondes op Hom uit sodat jy kan weet: Christus is die oplossing.

Jy kan weet die boodskap agter jou seer kan jou nie meer seermaak nie. In jou beproewing het jy 'n Vader wat sorg en vir jou lief is. Jy is nie meer nutteloos nie, in Christus het jy waarde. Jy het nie net vyande nie, jy is deel van die Here se kerk.

Sing: Psalm 13-1:1, 2

Ds. DJ (Dirk) de Bruyn (Mosselbaai)